View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DISKUSSIE

*Antwoord aan prof. H. G. Stoker:*

In die Mei/Junie-aflewering van *Koers* 1961 het prof. Stoker op uiters hoflike wyse my op my besware geantwoord. Ek het die indruk dat hy terdeë verstaan het, dat dit vir my, as nie-filosoof, nie maklik was om sy stellings te opponeer nie. Maar tegelyk het hy aangevoel waarom dit by my gegaan het: om die handhaving van die antitese en die ‚woordeboek van die verbondsverkeer.'

In hierdie antwoord gaan dit nie om die laaste woord te hê nie. Maar aangesien die aangesnede vraagstukke van groot betekenis is, kan dit sy nut hê om my reaksie te laat hoor. Uiteindelik gaan dit hierom, dat DIE Woord die laaste woord kan spreek.

*Geen algemene geloof!*

Inderdaad het ek in my titel hierdie uitdrukking gebesig. Tereg sê prof. Stoker dat hy daardie uitdrukking nie gebruik nie. Hy besig die uitdrukking ‚geloof in ruimer sin' en ‚geloof in enger sin'. En dit is ook so.

Maar verval my besware daardeur?

Helaas, nee.

Want in die eerste plek bly daar die vir my filosofies en dogmaties verkeerde skakeling van geloof in ruimer sin (bv.: ek glo ek sal slaag) aan die geloof in enger sin. Tewens bly daar die uitspraak van prof. Stoker:

„In vertikale verband is geloof (in enger sin) oorgawe aan die geopenbaarde en algenoegsame Grond van àlle ‚dinge' *(daargelate nog wat onder hierdie Grond of Archê verstaan mag word).*" (Ons onderstreep, v.d.W.).

Prof. Stoker verset hom teen die gedagte dat hy leer dat die ‚ware' geloof 'n verbesondering is van die algemene geloof. Ons kan hierdie standpunt maar net waardeer.

Maar dan gaan prof. Stoker verder en sê dat elke mens 'n geloofsaanleg het. Dis nie 'n algemene geloof nie, maar bied nog slegs die geskenkte moontlikheid om te glo. Dit moet dan ook van die aktuele ‚geloof', die geloofshandeling geskei word. Volgens hom is juis hierdie geloofsaanleg een van die sterkste wapens teen die humanisme, wat die mens selfgenoegsaam maak.

Ons kan in die laaste opmerking van prof. Stoker tewens 'n outobiografiese notisie sien, meen ek: sy bydrae in die Vleeschauwer-Festschrift het die bedoeling om die outonomie van die mens aan

te val. Ek sal die laaste wees om 'n dergelike bedoeling nie toe te juig nie.

Dog as ons die burg van die humanisme aanval, moet ons terdeë op ons hoede wees. Want die skolastieke terminologie van die eeue bied aan die humanisme baie vastrapplekke. ‚Geloofsaanleg' lê baie naby ‚geloofsvermoë'. ‚Geloofsaanleg' is baie keer gebruik om die verwoesting van die beeld van God te verklein. En prof. Stoker weet dat al die verskillende betekenisse van ‚geloof' in die spraakmakende gemeente reeds vir eeue diens doen om die konkrete roeping te verdoesel. Miskien stel ek dit te (biblisties-)eenvoudig; maar die groot skala van verskillende soorte ‚geloof' lyk vir my verwarringstigtend indien teen die humanisme te velde getrek word. Gaan dit ons om skerp formulering en konkretisering, dan dien m.i. 'n taal gebruik te word waarby daar nie misverstand moontlik is nie.

Neem nou die term ‚geloofsaanleg'.

Die gevaar van hierdie term is dat daar kragte vermoed word in die mens wat hom in staat stel om te glo. Vergelyk: aanleg om skilder te word. 'n Seun wat die hele dag gesigte en perdekoppe teken het goeie leiding nodig: sy aanleg stel hom in staat om sy pictorale funksie te ontwikkel. Kan op hierdie manier van 'n geloofsaanleg gespreek word? Ek glo van nie. Het die mens al 'n sekere vaardigheid in die geloof wat nog moet ontwikkel word, 'n fides informis? Nee, die mens is heeltemal verdorwe al het hy nie opgehou om mens te wees nie. Hy het net ‚*on*-geloofsaanleg', as ons hierdie term sou wil hanteer. Daarom lyk dit vir my 'n heeltemal verkeerde wapen teen die humanisme, indien uitgegaan word van die ‚geloofsaanleg' van die mens (ook indien hier ‚geloof-in-ruimer-sin' bedoel word).

Want so word die gedagte bevorder dat die mens tog eienskappe het wat nog nie so kwaad is nie.

Verder moet m.i. bedink word dat as die geloof-in-ruimer-sin (geloof in die horisontale vlak) ‚geloof' genoem word en geskakel word aan die geloof-in-enger-sin, dat, hierdie ‚geloof' as aanvaarding van die kenbare 'n *afvallige* geloof is, indien dit gevind word by 'n Humanis, Mohammedaan, ens. Want 'n *ongelowige* (ons gebruik hierdie term bewus!) aanvaar nie werklikheid nie as die skepping van God die Vader deur Jesus Christus nie. Tussen ‚natuur' en ‚genade' is daar nie 'n skeiding nie; hierdie terminologie is selfs aanvegbaar. Daarom sal 'n ongelowige ook *ongelowig* die wêreld om hom besien. Vergelyk die laaste hoofstukke van die boek Job, die sogenaamde ‚natuur'-psalme, ens.

Die woord *ongelowige* is daar uitgespreek.

Ja, nou kom ons tot 'n punt waarteen ons beswaar bly hou.

Dis baie jammer dat prof. Stoker op hierdie punt nie nader ingegaan het nie: die onderskeiding tussen religieuse en godsdienstige geloof èn die uitspraak, dat die geloof in enger sin die oorgawe is aan die geopenbaarde en algenoegsame Grond van alle dinge, *daargelate nog wat onder hierdie grond of archê verstaan mag word.*

Ek bly beswaar aanteken teen 'n dergelike spreekwyse.

Wanneer ons die Nuwe Testament insien, blyk die woord *Archê* gebruik te word om hiermee Christus en God aan te dui.

Kol. 3 : 18: Hy is die Hoof van die liggaam, die gemeente;
Hy wat die Begin is, die eersgeborene uit die dode,
sodat Hy in alles die eerste kan wees.

Openb. 3 : 14 aan Laodicea, wat ook die brief aan Kol. gelees het (Kol. 4 : 16):

Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie,
die Begin van die Skepping van God —

Openb. 21 : 6: Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde.

Openb. 22 : 13 lui net so en voeg nog daarby: die Eerste en die Laaste. Vergelyk hierby: 1 : 8 en 17.

Die Archê, die Grond, Begin en Oorsaak van alle dinge is God die Vader in Christus. Dis die Logos, die Heer van die kerk.

Wanneer die Nuwe Testament oor hierdie dinge spreek word reëlreg teruggegryp op die Ou Testament. Ek dink aan Spreuke 8. En veral ook aan Jesaja.

En met name by laasgenoemde lees ons tog woorde wat heeltemal ingaan teen die spreekwyse van prof. Stoker. Ek glo dat hier die oordeel gegee word oor alle spreek van Archê, daargelate wat hieronder verstaan word.

Immers: (Jes. 44 : 6):

So sê die HERE, die Koning van Israël en sy Losser,
die HERE van die leërskare:
Ek is die Eerste en Ek is die Laaste,

EN BUITE MY IS DAAR GEEN GOD NIE.
(Verg. ook Jes. 48 : 12).

Hierdie woorde is tog nie vir tweeërlei uitleg en aanwending vatbaar nie. Daar is maar EEN Archê: die Amen en die waaragtige (d.i. betroubare) Getuie. Wanneer Kittels woordeboek sê dat die Archê-gebruik in Kol. I en Openb. 3 verwant is met en in die lyn lê van die filosofies-stoïese terminologie, stem ons heeltemal nie hiermee saam nie. Die Nuwe Testament is seker hier antiteties.

Terminologies kan daar verwantskap wees, maar tegelyk veroordeel die gebruik van stoïese terme — indien dit hier gekonstateer kan word — die *inhoud* van daardie uitdrukkings by die

Stoa. En tegelyk — ek besef dat ek ,vervelend' word, maar om die saak self mag dit maar so wees — meen ek, dat hierdie antitetiese gebruik 'n norm vir ons inhou, en nie in die laaste plek vir die Calvinistiese wysbegeerte nie. Ons nomenclatuur mag nie 'n kryptogram vorm nie; almal moet maar weet wie ons is en wat ons nastreef. Juis omdat ons teenoor die vyand in die humanisme staan, moet ons waak teen generalisasies. Telkens kom dit my voor dat daar gesoek word in die Bybel of daar miskien terme te vind is wat die spreek oor 'n algemene genade, 'n geloof en godsdiens by heidene, ens. toelaatbaar kan maak.

Maar ons het nie die roeping om die brûe wat ons met ons teëstanders verbind te bou nie, maar ons moet ook om der wille van hulle saligheid brûe afbreek. En dan maak dit vir my baie verskil, of ons in die gewone taal van die kombuis en die tuin oor kuns en kennis in die algemeen spreek, dan wel of ons teologies en filosofies gaan presiseer. Dit lyk my dat ons ons seggingskrag méér fnuik indien ons in die algemeenheid bly hang.

Om duidelik te maak hoe seer dit nodig is om alle kryptogramme te vermy, gee ek hier 'n sitaat uit: Menno ter Braak, Het Carnaval der Burgers:

> „In het centrum van het geloof der burgers, dit bezit der onbegrensdheid, staan begrippen, die door hun hardnekkige vaagheid verraden, aan welke burgerlijke eisen zij hebben te voldoen; ... Onsterfelijkheid, voorzienigheid, goden, God: zij vormen de geloofsartillerie, waarmee de partijen elkaar bombardeeren ..." (pag. 132, 133).

Let wel: geloof der burgers, geloofsartillerie. Du Perron ,glo' nie in 'n bepaalde geloof nie. Nee, dit is ,algemene geloof', 'n geloofsaanleg, wat hom baie maniere kan openbaar. Hoor sy antichristelike taal en laat ons maar skrik:

> „Het geloof vervalscht de wereld" (pag. 137).
> „Er zijn kathedralen, maar er zijn ook moskeeën, pagoden, tempels, synagogen, vermaningen (hiermee word die kerkgeboutjies van die Doopsgesindes of Mennoniete bedoel wat baie keer Vermaning heet) er is het Javaanse Chartres, de Boroboedoer. De Moedermaagd, Lourdes is vrijgevig met zijn wonderen, het Leger des Heils werkt, de heilige rivier de Ganges stroomt. Het geloof. Dogma naast dogma. Schrift naast Schrift. Verwoest gevecht om het bezit der onbegrensdheid, godsdienstoorlogen, debatten, schisma's. Atomistische groepeering der geloofsgenooten, vertrapping der andersdenkenden, zij het door het nederige gebaar der

zending. Dood aan den dood door de formule, weg met den dood uit het leven!" (pag. 137, 138).

In alle eenvoudigheid wil ek stel: indien ons teen die woorde, wat reeds in 1930 geskryf is, gaan opponeer, dan kan ons niks uitrig, indien ons die terminologie van prof. Stoker gebruik nie. Ek sien ten minste daartoe nie 'n kans nie. Wat moet ons aanvang met die onderskeiding van geloof in enger en ruimer sin (die onderskeiding enger en ruimer ruik m.i. altyd na die skolastiek!), religieuse en godsdienstige geloof? Dit versterk nog maar die gedagte dat daar 'n geloof as algemeen voorkomende eienskap aangetref word.[1]) Carnaval der geloovigen...

Werklik: die woordeboek van die verbondsverkeer, die woordeboek van die Vader is hier in geding.[2]) Nee Du Perron, sê ons, daar staan nie geloof naas geloof en dogma langs dogma en Skrif langs Skrif nie. Daar is Een Eerste en Laaste, Een Begin en Einde. Hom glo ons, maar al die andere ‚religieuse' uitinge is selfdiens, pure ongeloof.

Sal prof. Stoker ook stel dat die mens bv. hoop-aanleg het, dat daar hoop in enger sin en in ruimer sin is en daarby religieuse en godsdienstige hoop? Sal dit die verwarring nie vergroot en ons magteloos maak teenoor die aanvalle van humanisme en eksistensialisme nie? Een Here, *een geloof,* een doop (Ef. 4 : 5)! Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in *een hoop* van julle roeping (Ef. 4 : 4).

Dankbaar vir die ridderlike beantwoording van prof. Stoker spreek ek die wens uit, dat hierdie diskussie mag bydra tot grotere helderheid onder ons oor hierdie belangrike problematiek.

Pretoria. C. van der Waal.

AANTEKENINGE:

1) Die geloof is nie 'n donum superadditum nie, want ons het van nature vandag nie dona, nie gawe, waarby andere dona kan gevoeg word nie. Maar die geloof is wel 'n gawe, 'n donum. Sic ergo fides Dei donum est, ...quod homini reipsa conferatur, inspiretur et infundatur. D.L.R. III/IV, par. 14. So is die geloof dat 'n gawe van God... omdat dit die mens inderdaad meegedeel, ingegee en ingestort word. 'n Ding wat meegedeel, ingegee en ingestort word het 'n mens vroeër nog nie besit nie. Dis 'n donum.
Die konklusie van prof. Stoker uit my woorde: ‚Die gelowiges kry dus iets (nl. „geloof") by, wat die ongelowiges as mense nie het nie' lyk vir my in ooreenstemming te wees met die teks van die D.L.R. III/IV, par. 14.

Of sal prof. Stoker sê dat daardie Dordtse vaders gevaarlik naby die Roomse beskouing (van geloof as iets waarsonder die mens nog mens kan wees, maar wat die gelowige as ekstra-by-geskenk van God kry) kom?
Ek kan nie aanvaar dat prof. Stoker so 'n mening koester nie. Maar hoe hy dan met sy filosofiese opvatting regkom ten opsigte van die konfessie, is nie vir my duidelik nie.
Ons wil ook hier weer herinner aan die woorde van prof. Schilder, Catechismus II, 452:
,Pistis is ook „in het Paradijs" geen natuurlijke, d.w.z. in den geschapen natuursamenhang-zonder-meer gegeven „functie"... Om den *tot* „hooren" geschápen en òp hooren áángelegden mensch actueel het gehoorde als onderhoorige te *doen* gelooven, mòet er een „gehoorde" wezen; er moet derhalve een samehangend woord (sermo)*gespròken* zijn, een *openbaring* gegeven zijn. *Pistis ontstaat pas na openbaring; en die komt „bij de schepping bij".'*
Ek betreur dit, dat prof. Stoker nie ingegaan het op die sitaat van Schilder wat ek in my artikel gegee het nie. In sekere sin spreek Schilder dus van 'n donum superadditum *met volkome afwysing van die humanisme!*
Dit kan miskien vreemd klink — maar ek is van mening dat die leer van 'n geloofsaanleg, 'n pistiese funksie, aan die humanisme 'n *invalspoort bied.* Die mens het wel ,van nature' 'n gehoor-aanleg. Sien verder ook die volgende noot.

2) Ek siteer weer Schilder: ,Men zegt: de geloovige ziet zijn vasten grond in de openbaring van den levenden God, de ongeloovige (links gerichte functie) in de vermeende openbaring van zijn afgod. Maar is „links gerichte liefde" nog liefde? Of is ze háát tegen den bekenden, doch niet aangenomen God-Vader? En, is links gerichte foederale functie nog werkelijk foederaal-gericht? Of is ze bondsbreuk, continu? ... De actueele pistis is geen *omgebogen,* doch een uit den dood weer *hergeven* functie van den door Woord niet maar wederom aangeblazen, aangevuurden, doch *herschapen* mensch... Men neme het vertrouwens-element niet uit het geloofsbegrip weg. Daar is gevaar voor, zoo dikwijls men óók wat de afgodendienaar doet, *vertrouwen* noemt. Als men zich van God afkeert, wordt niet vertrouwen àf-gekeerd, doch ópgezegd' (A.w. pag. 453, 454). Juis in hierdie verband spreek prof. Schilder van die woordeboek van die verbondsverkeer met die Vader. Ek meen dat hierdie woorde die beste wapen teen die humanisme vorm. Haat is nie links-gerichte liefde nie, wanhoop nie 'n verkeerd gebruikte

hoop-aanleg nie. Teenoor die nivellerende woorde van Ter Braak, anti-christelik van instelling, kan alleen maar gestel word:

EEN GELOOF.

En dieselfde kan gesê word ten opsigte van die ekumeniese beweging, wat al die verskillende uitinge van die ‚pistiese funksie' wil waardeer. Soos daar maar EEN evangelie is, is daar ook maar EEN geloof.
Het Ter Braak nie vir Erasmus en teen Luther gekies nie? (Sien: Menno ter Braak: De Augustijner Monnik en zijn Trouwe Duivel, 's Gravenhage 1945).